# ECHO OF HIS CALL

## EGGO VAN SY ROEP

AFRIKAANS

ECHO OF HIS CALL 1969-2019 GOLDEN JUBILEE

REACHING NATIONS

India's National Spiritual Newspaper

₹ 10/-

Published monthly in ENGLISH, TAMIL, MALAYALAM, TELUGU, HINDI, KANNADA, MARATHI, BENGALI, GUJARATI, ODIYA, ASSAMESE, PUNJABI, NEPALI, URDU, SINHALA & AFRIKAANS

*Redakteur:* S. SAM SELVA RAJ | - In 16 Tale | *Mederedakteur:* BRO. WILLEM JACOBUS PRETORIUS

**Vol. XVIII** YEAR OF OUR LORD JESUS CHRIST, 2024 NOVEMBER **No. 05**


**DIE HEILIGE SKRIF**

**SPREUKE 26:1-10**

Memoriseer asseblief hierdie gedeelte.

1. Soos sneeu in die somer en reën in die oestyd, so min pas dit dat 'n dwaas eer ontvang.
2. Soos voëltjies wat verbyvlieg en nie gaan sit nie, so gaan 'n vervloeking by jou verby as jy dit nie verdien nie.
3. 'n Sweep vir 'n perd, 'n toom vir 'n donkie, en 'n lat vir 'n dwaas.
4. Moenie 'n dwaas se vraag op net so 'n dwase manier beantwoord nie; hy sal dink jy is soos hy.
5. Beantwoord 'n dwaas se vraag op net so 'n dwase manier, anders dink hy hy het wysheid.
6. As jy 'n dwaas met 'n boodskap stuur, kan jy net sowel nie 'n boodskap stuur nie en aanvaar dat daar moeilikheid kom.
7. 'n Lam mens se bene hang nutteloos aan hom; net so nutteloos is 'n spreuk in die mond van 'n dwaas.
8. Om 'n klip in 'n slingervel vas te bind, dit is wat dit beteken om aan 'n dwaas mag te gee.
9. 'n Doring in 'n dronk man se hand, so is 'n spreuk in die mond van 'n dwaas.
10. 'n Boogskutter wat nie omgee wie hy raakskiet nie, so is iemand wat 'n dwaas of sommer 'n verbyganger huur.

# DRA MEKAAR SE LASTE

**(Galasiërs 6:2)**

*Hon. Editor-in-Chief, Rev. Angeline Selvakumari*



Groete aan almal in die Naam van ons Heer en Verlosser, Jesus Christus, wie se liefde onbegrens is, onvoorwaardelik, onbetwyfelbaar. Ons dank God vir sy genade en guns wat ons deur die eerste tien maande van 2024 onderhou het. Hy sal ons steeds lei, en sy genade sal altyd genoeg wees, want ons is sy kinders.

Die Bybel leer ons dat Hy ons geroep het om sy kinders te wees. Wat 'n voorreg! Maar die beslissende vraag is: "Is ons lewens hierdie roeping waardig?" Paulus skryf in sy brief aan die Efesiërs: **Ek druk julle dit op die hart, ... laat julle lewenswandel in ooreenstemming wees met die roeping wat julle van God ontvang het** (Efesiërs 1:4). Wat beteken dit? Hierdie frase het dae lank in my gemoed gehang. Wat beteken dit regtig dat my lewe 'n vertoning van God se roeping moet wys? Vir wat presies is ons geroep om te doen? Daar is baie kante hieraan, maar kom ons fokus vandag net op een.

*....verv. op.bls. 3*


**Echo of His Call**

*YouTube Christian Channel !*



**Jy sal die geleentheid kry om saam met Pr. S. Sam Selva Raj te bid!**

**Boodskap & gebed in 5 minute!!**

**Engels, Hindi, Tamil & Telugu**


**Elke dag – From 2.00 vm**

**Tamil Sondagdiens – 8.30 vm.**

*** Please Subscribe and Share ***

# ECHO OF HIS CALL - (1969-2019 GOLDEN JUBILEE YEAR)

REACHING NATIONS



## *van julle geliefde broer...*



**Ons Sendingopdrag**

Ons moet die huidige generasie onderrig in die onvervalste leer van die ou, vroeë Apostels. Dit is die behoefte van ons tyd.


HON. EDITOR-IN-CHIEF
Rev. Angeline S. Kumari, M.A., M.Sc., M.Ed.

HON. MANAGING EDITOR
Pastor Alex Samson Sam, B.Th., M.Div.

GENERAL MANAGER
Bro. N. Prakasam, M.A., M.Sc.(C&P), PGDHRM., MBA.

ADMINISTRATION
Sis. Jesy Veena Sam
Adv. K. Puratchivendan, M.Com., C.A., B.L.
Dr. P.E.R. Premchand, M.Sc., M.A., M.Ed., Ph.D.
Dr. C.G.S. Baburao, B.Tech., M.Tech. (DM), Ph.D.
Dr. Rabinder Boaz, M.S. (CMC)

EDITORIAL BOARD
Dr. Serena Bevin, M.A., M.Phil., B.Ed.
Sis. Sajini Cherian
Rev. Dr. K.R. Rajasekaran
Rev. Dr. William Robert, Ph.D., DD, D.Lit.

EDITOR, PUBLISHER & PRINTER
Pastor S. SAM SELVA RAJ
Echo of His Call Printers
10, Mohammed Abdullah 2nd Street,
Chepauk, Chennai- 600 005, India.
Phone : (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766
Cell : (+91) 98410 71852, 98412 71858 95661 31858

E.MAIL
sam@echoofhiscall.org
biblecor@yahoo.co.in

WEBSITES
www.echoofhiscall.org
www.stpaulsmatriculation.com

YOUTUBE CHANNEL
Echo of His Call


**"Selfs leeus ly gebrek en kry honger, maar wie die Here se hulp vra, kom niks kort van al die goeie dinge nie." – Psalm 34:11**

Geliefde Kinders van God in Christus,

Ons seën julle uit die Here se huis dat julle goeie lewens nog meer en oorvloedig voorspoedig sal wees (Psalm 118:26).

Ons is so dankbaar teenoor die Here vir ons medewerkers by **Echo of His Call** bedienings. Te midde van hindernisse, siekte en ekonomiese krisis wat in sekere areas nie gunstig was nie, het God ons steeds beskerm en gelei, soos Apostel Paulus gesê het: **Geen lewensverlies nie. Net die skip sal vergaan** (Handelings 27:22).

Ons kan plaaslike reise onderneem soos ons medewerkers fisies meer gesond word. God het ons opgehef volgens die Skrif: **Al val die regverdige hoeveel keer, hy staan weer op** (Spreuke 24:16). Daarom is ons so hoopvol dat November vol seëninge sal wees.

Ons versoek dringend julle voorbidding vir ons medewerkers in die Hoofkantoor, naamlik Dr. Serina Bevin, Sus. Sajini Cherian, Ds. Dr. K.R. Rajasekaran, Ds. Dr. Robert William en al die ander subredakteurs van 16 tale, hulle assistente, Koördineerders sowel as die Drukpers personeel wat elke maand die **Echo of His Call** tydskrif druk en uitgee. Net met hulle almal in goeie gesondheid kan ons die tydskrif gereeld uitgee.

Onthou ook asseblief in jul innige gebede ons medewerkers in ons **Kerke, Nehemia Bybelkolleges, St. Paul Matrikulasieskool, Drukpers, Mediabediening (YouTube), Sendingsentrums en kantoor.**

Ons wil julle besonderlik inlig dat ons bediening in 'n finansiële krisis is en ons kan nie al ons verpligtinge nakom nie. Bid asseblief.

Mag julle almal oorvloedig geseën word.

Julle dienaars in Christus Jesus,

PS. ALEX SAMSON SAM
PS. S. SAM SELVA RAJ

(+91) 98412 71858 / 98410 71858,
Epos: sam@echoofhiscall.org

**Our Ministries:** ECHO OF HIS CALL Monthly Magazines (16 languages) ◘ BIBLECOR - Postal Courses (3 languages) ◘ YouTube Ministry ◘ Online Courses ◘ Theological Correspondence Courses (2 languages) ◘ Church Planting ◘ Nehemiah Bible Colleges ◘ Gospel Printing Press ◘ Great Commission Partners ◘ St. Paul's Matriculation School ◘ Crusades ◘ Community Development

## VRIENDELIKE AANDAG: ECHO OF HIS CALL LESERS

Ons 5 minute **Echo of His Call** YouTube boodskappe word uitgesaai vanaf 2.00 vm. in Tamil, Telugu, Engels en Hindi (daagliks). Jy kan die genade van God ondervind deur daarna te kyk.

Nog meer, stoor my mobiele nommers (+91) 98410 71858, (+91) 98412 71858 (persoonlik) op jou selfoon.

- Pr. S. Sam Selva Raj

*verv. v. bls. 1*

## Vredemakers: God se Kinders

Kom oordink Matteus 5:9 – **Geseënd is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word.** Liewe broers en susters, as ons kinders van God genoem wil word en hierdie roeping waardig wil lewe, moet ons vredemakers wees. Dit is die kern-eienskap van God se kinders. Hy het ons geroep om vredemakers te wees, nie moeilikheidmakers nie.

Efesiërs 4:2 leer ons dat as God se kinders ons geroep is om vredemakers te wees deur **mekaar se laste te dra**. Daarvoor moet ons nederig wees, saggeaard, geduldig. Dis belangrik om hierdie deugde te lewe, nie net met medegelowiges wat ons geloof deel nie, maar ook met hulle wat daagliks ons geduld beproef met skerp woorde en seermaak aksies. Nou dit is inderdaad moeilik en uitdagend. Dis baie makliker om daaroor te praat as om dit te lewe. Tog is dit presies wat God wil sien by hulle wat Jesus liefhet. Die apostel Jakobus beklemtoon dat ons doeners van die Woord moet wees, nie net hoorders nie.

## Dra mekaar se laste!

Kolossense 3:13 leer ons: **Wees geduldig met mekaar en vergewe mekaar as die een iets teen die ander het. Soos die Here julle vergewe het, moet julle mekaar ook vergewe.**

Geduldig met mekaar wees vereis vergifnis. Ware vergifnis vereis liefde, en sonder God se liefde kan ons nie voluit vergewe en vergeet nie. Ja mag sê: “Dis moeilik, ek kan nie. Ek is net 'n mens, met emosies en gevoelens. Dis onmoontlik vir my.” Maar dis juis waarom ons God se hulp nodig het, om lief te hê en te vergewe. Om mekaar se laste te dra is nie maar net 'n voorstel of 'n opsie nie; dis 'n opdrag. **Dra mekaar se laste, en gee op dié manier uitvoering aan die wet van Christus**, sê Galasiërs 6:2.

Uitvoering van Christus se wet is om te help om ander se vermoeienisse te dra. Elke mens het moeilikhede: uitdagings, oorweldigende situasies, geldelike gesukkel, worstelings met sonde, fisiese en geestelike beproewings. Tog behoort ons dit nie alleen te dra nie, want God het vir ons die gemeente-familie gegee. Ons is een liggaam in Christus, en as een lid van die liggaam ly, raak dit die hele liggaam.

## Die Simboliek van die Kruis!

Soms fokus ons om vrede met God te behou en beklemtoon ons verhouding met Hom. Maar die simbool van die kruis het twee lyne: die vertikale (op en af) lyn wys na ons verhouding met God, en die horisontale (links en regs) lyn simboliseer ons verhouding met ander mense.

Jesus se twee belangrikste bevele word ook so opgesom. Die eerste, **wees lief vir God met jou hele hart, jou hele siel en jou hele verstand** (Matteus 22:37) praat van ons verhouding met God (die vertikale lyn). Die tweede, **wees lief vir jou naaste soos vir jouself** (Matteus 22:39) praat van ons verhouding met mense (die horisontale lyn).

Baie van ons voel tevrede met ons verhouding met God. Ons is lief vir Hom, lees sy Woord daagliks, bid, vas, gaan kerk toe, betrokke in bediening, groot klem op die Geestelike gawes. Soos Paulus skryf in 1 Korintiërs 12:8-10 - **Aan die een word deur die Gees die gawe gegee om 'n woord van wysheid te praat, aan 'n ander 'n woord van kennis deur dieselfde Gees; aan die een geloof deur dieselfde Gees, aan 'n ander genadegawes van gesondmaking deur die één Gees. Aan die een gee Hy die krag om wonders te doen, aan 'n ander die gawe om te profeteer, en aan nog 'n ander die gawe om tussen die geeste te onderskei. Aan nog een gee Hy die gawe om ongewone tale of**

**klanke te gebruik en aan 'n ander om dit uit te lê.**

Maar wat van die vrug van die Gees? Galasiërs 5:22-23 herinner ons: **Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing.** Ek merk dikwels op dat mense so oordadig raak met hulle bediening en persoonlike verhouding met God dat hulle hul gesinne en bure verwaarloos. Die Bybel leer ons dat albei hierdie verhoudings ewe belangrik is.

## Die Kerk se Verantwoordelikheid!

Die kerk, wat jou en my insluit, het 'n uitsonderlike verantwoordelikheid om sorg te neem vir en laste van ons medegelowiges te help dra. Wanneer een lid van die liggaam ongesteld is, raak dit ons almal. Sorg vir ander is nie net 'n meegevoel-aksie nie; daar is ook iets persoonliker betrokke. Wanneer ander om ons gesond is, deel ons die voordeel, en as ons gesond is versterk dit die hele gemeente. Net so, wanneer ons ly, raak dit dié wat naby ons is, en die gemeente word ook geraak.

Soos Galasiërs 6:2 sê: **Dra mekaar se laste, en gee op dié manier uitvoering aan die wet van Christus.** Die opdrag is duidelik, dis nie vir jou om te kies nie, maar 'n direkte rigtingwyser vir elkeen in God se gesin. Net deur dit te doen bereik ons ons roeping as God se kinders. So, kom ons kyk nou in die Skrif vir voorbeelde van hoe ander mekaar se laste help dra het.

## DAWID EN JONATAN!

Die band tussen Dawid en Jonatan is 'n besondere voorbeeld van selflose liefde en vriendskap. Al het Jonatan geweet Dawid gaan eendag koning word, 'n posisie wat hy as sy eie sou kon sien, was hy tog baie lief vir Dawid. Sy lojaliteit was so diep dat hy selfs teen sy eie pa, koning Saul, gestaan het.

1 Samuel 23 verhaal 'n kragtige geleentheid: Dawid het in die Sifwoestyn geskuil toe Saul hom aanhoudend gejag het om hom dood te maak. Tog vertel die Bybel vir ons **God het hom nie in Saul se mag oorgegee nie** (1 Samuel 23:14). God het hom beskerm.

Liewe vriende, wat 'n troosvolle waarheid. As God vir Dawid beskerm het, sal Hy ons ook beskerm teen ons vyande, die wat ons ondergang wil sien. Soms mag dit voel of ons konstant aangeval word, maar onthou dan dat God ons nie sal oorgee aan ons vyande nie. Wanneer ons wandel vir God plesier, kan Hy selfs ons vyande tot ons voordeel benut. Die vyand mag naby wees, maar God is in beheer. Hy sal ons nooit in hul mag laat beland nie.

Dawid het in vrees geleef omdat Saul hom gejag het. Hy het seker eensaam gevoel daar in die woestyn, wanhopig, angstig, sy familie en vrouens agter gelaat, ook sy vriende en die gerief van sy huis. Alleenheid kan 'n gedugte teenstander wees wat negatiewe gedagtes kan oprakel en aanblaas. Maar tog was God by hom, en Hy is ook by ons.

Toe Dawid so fisies en geestelik afgetakel was in sy gemoed, het hy 'n onverwagte besoeker gekry. **Jonatan seun van**

*....verv. op.bls. 6*


**NEHEMIA RESIDENSIëLE BYBELKOLLEGE, TSJENNAI**

Bid asb. vir

Medium : Hindi

ECHO OF HIS CALL 1969-2019 GOLDEN JUBILEE REACHING NATIONS

Erken deur Internasionale Christenleiers & Senior pastore vir die afgelope 55 jaar

**Diploma in Theology**

Haas jou vir toelating!

**Kwalifikasie: 10de Standerd (Graad 12) of hoër**

**Contact : The Chairman, Nehemiah Bible College.**

10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.

Phone : (+91-44) 2852 8282, Cell : (+91) 98410 71852 / 95661 31858

E.mail : sam@echoofhiscall.org / Website : www.echoofhiscall.org

✶ AANLYN KLASSE IS BESKIKBAAR ✶

# GROOT OPDRAG-VENNOTE

**OM TE DEEL** (Galasiërs 6:2), **ONDERSTEUN** (Romeine 12:13) & **TE BESPOEDIG** (2 Timoteus 1:6)



## GEBEDSPUNTE - 2024 November 19 Tot Desember 18

(Haal asseblief hierdie blad uit, vou dit en hou dit in jou Bybel en bid voortdurend)

### Prys God vir ...

**November 19** ➲ Dat ons die eerste semester van 2024-2025 suksesvol kon voltooi en die tweede semester kon begin by ons **Nehemia Bybelkolleges**.

**November 20** ➲ Dat ons ons tydskrif kon druk met ons drukpers en uitgee in 16 tale en dit versprei na die sendingvelde.

**November 21** ➲ Vir sy seën op ons **BYBLEKOR** en Teologiese Korrespondensie-kursusse.

**November 22** ➲ Vir ons Sondagdienste by die Hoofkerk en die dogtergemeentes om die evangelie te versprei na onbereikte groepe.

**November 23** ➲ Vir ons Senior Pastoor se onstuitbare toewyding om die evangelie te versprei deur veelvuldige bedienings.

**November 24** ➲ Dat ons geseënd is met toegewyde Subredakteurs vir ons **Echo of His Call** tydskrifbediening

**November 25** ➲ Vir sy guns oor ons Gebedsvennote, Ingeskrewe vennote, Geloofsvennote, Lewensvennote, Groot Opdragvennote en hul gesinne.

**November 26** ➲ Vir ons gereelde ondersteuners en hul aktiewe betrokkenheid in ons bediening.

**November 27** ➲ Vir ons toegewyde Sondagskool onderwysers.

**November 28** ➲ Vir ons YouTubebediening se voorsitter, Br. Edward Durai.

**November 29** ➲ Dat Hy ons gehelp het om die evangelie te versprei na onbereikte gebiede deur ons YouTube Mediabediening.

**November 30** ➲ Vir sy seën met meer kinders vir die Sondagskool by al ons gemeentes.

**Desember 01** ➲ Dat Hy ons seën met Goddelike beskerming vir ons studente en leraars by ons **St. Paul Matrikulasieskool** en **Nehemia Bybelkolleges.**

**Desember 02** ➲ Vir ons weldoeners, vriende en veldondersteuners.

**Desember 03** ➲ Vir sy leiding en seën oor al die aksies van **Echo of His Call Bedienings.**

### Bid asseblief vir ...

**Desember 04** ➲ Die veiligheid van ons Senior Pastoor, S. Sam Selva Raj en sy gesin van alle soorte bose magte.

**Desember 05** ➲ Die sukses van ons Senior Pastoor se skrywe van sy outobiografie.

**Desember 06** ➲ Goddelike beskerming vir Pastore, Sendelinge en Christen Organisasies wêreldwyd.

**Desember 07** ➲ Ons Tydskrif se Raadslede.

**Desember 08** ➲ Ons **St. Paul Matrikulasieskool** en **Nehemia Bybelkollege** se personeel en studente.

**Desember 09** ➲ Die verwydering van die selfmoordgees onder die jeug en jongmense oor die wêreld.

**Desember 10** ➲ Die voorkoming van natuurlike rampe soos siklone en aardbewings oor die wêreld.

**Desember 11** ➲ Ons Kerk se Raadslede.

**Desember 12** ➲ Ons Skool se Raadslede.

**Desember 13** ➲ Goddelike beskerming teen nuwe aansteeklike siektes oor die wêreld.

**Desember 14** ➲ 'n Groot herlewing in alle Christelike bedienings wêreldwyd.

**Desember 15** ➲ Vrede en harmonie in alle oorlog- en terroriste geteisterde gebiede in die wêreld.

**Desember 16** ➲ Ons Bybelkollege se Raadslede.

**Desember 17** ➲ Goddelike beskerming vir gelowiges om nie deur vals leringe en vals wonderwerke gevang te word nie.

**Desember 18** ➲ Ons Hospitaalbedienings.

*verv. v. bls.4*

**Saul het toe klaargemaak en na Dawid toe in Goresa gegaan en hom bemoedig in sy vertroue op God** (1 Samuel 23:16). Ander vertalings sê dit so:

AOV: **Hy het hom bemoedig in God.**

ABA: **"God sal aanhou om jou te help."**

AFR20: **Hy het hom in die Naam van God bemoedig.**

NLV: **Hy het hom bemoedig om op God te vertrou.**

Kortliks: Jonatan het na die woestyn gegaan om sy geliefde vriend Dawid te besoek en sy gemoed op te hef. Hy het bemoedigend gepraat en Dawid versterk in sy swakheid. Hy het vir Dawid emosioneel ondersteun en hom gehelp om weer krag in God te vind toe hy geestelik getap was. Jonatan se woorde het 'n diep invloed op Dawid gehad. In 1 Samuel 23:17 sê Jonatan: **"Moenie bang wees nie, want my pa sal jou nie in die hande kry nie. Jy sal koning word oor Israel, en ek sal onder jou staan. Selfs my pa weet dat dit so is."**

Jonatan het Dawid verseker van God se plan vir sy lewe. Dink net hoe moeilik dit vir hom moes wees om sy eie pa se foute te erken. Saul was wel 'n magtige koning, maar hoe hy ook al probeer het kon hy nie God se God se wil dwarsboom nie. Jonatan het erken dat Dawid die volgende koning sou wees en was gewillig om onder hom te dien, want so word God se belofte vervul. Geen mens se plan, of bose skema, kan teen God se bedoelings staan nie. En God het 'n plan vir ons, soos Jeremia 29:11 noem: **... voorspoed en nie teenspoed nie.**

Jonatan het moeite gedoen om Dawid te bemoedig, en dit herinner ons dat wanneer ons ander bemoedig hulle in die Here versterk word. Wanneer laas het jy met moeite iemand bemoedig? Ons soek dikwels aanmoediging vir onsself, maar doen ons ook moeite vir ander wanneer hulle dit nodig het? In ons besige tyd is dit so maklik om ander se nood mis te kyk. Soms dink ons om geld te stuur is genoeg, en hoewel geldelike hulp tog belangrik is, is fisiese en emosionele opheffing net so nodig.

## BARSILLAI!

Hier is nog 'n inspirerende karakter in die Bybel wat gewys het dat ouderdom nie 'n stok in die wiel is nie. 2 Samuel 19:32 vertel: **Barsillai was al baie oud, tagtig jaar, en hy het die koning onderhou tydens sy verblyf in Maganajim, want hy was welgesteld.**

Ja, hier is die tagtig jarige man genaamd Barsillai. Toe Dawid vir sy eie seun Absalom gevlug het in die woestyn, saam met sy manne, was hulle in die nood vir kos en water en ander proviand. Barsillai, 'n ryk en ouerige man, het inisiatief geneem om Dawid en sy volgelinge te versorg. Hy het vir hulle kos voorsien terwyl hulle in Maganajim gebly het en so hulle laste gehelp dra.

Hierdie verhaal wys dat goedhartigheid nie beperk is tot geslag, ras of ouderdom nie – enigeen kan help om ander se laste te dra. Jy benodig net 'n gewillige hart wat omgee. Toe Dawid aanbied


**NEHEMIA AAND-BYBELKOLLEGE, TSJENNAI**

ECHO OF HIS CALL 1969-2019 GOLDEN JUBILEE REACHING NATIONS

Bid asb. vir

HAAS JOU VIR TOELATING!

Medium : Tamil

Erken deur Internasionale Christenleiers &
Senior pastore vir die afgelope 55 jaar

Diploma in Theology

Kwalifikasie: 10de Standerd (Graad 12) of hoër

Contact : The Chairman, Nehemiah Bible College.

10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.
Phone : (+91-44) 2852 8282, Cell : (+91) 98410 71852 / 95661 31858
E.mail : sam@echoofhiscall.org / Website : www.echoofhiscall.org

✶ AANLYN KLASSE IS BESKIKBAAR ✶

om hom later te vergoed hiervoor, het hy dit nederig geweier en daar gebly. Dit wys dat sy liefde en sorg onselfsugtig was; hy wou maar net daar wees vir Dawid en sy pyn en worstelinge deel.

## JESUS CHRISTUS!

Hy is die grootste voorbeeld van selflose liefde. Hy het ons so innig lief dat Hy bereid was om die hemel en sy troon te verlaat om aan die kruis vir ons sondes te sterf. **U neerbuigende goedheid het my groot gemaak** (Psalm 18:36, AOV). Jesus het Homself verneder en 'n vloek geword sodat ons geseën kon word. Hy het ons skandes gedra sodat ons ons koppe hoog kan hou. Deur sy offer het ons die grootste geskenk gekry: vergewing en ewige lewe! Hy belowe: **"Ek sal jou nooit verlaat nie, nooit in die steek laat nie** (Hebreërs 13:5). Die Here verklaar: **"Omdat hy My liefhet, sal Ek hom red," sê die Here, "omdat hy My ken, sal Ek hom beskerm. Wanneer hy My aanroep, sal Ek sy gebed verhoor; in sy nood sal Ek by hom wees, Ek sal hom red en hom in sy eer herstel** (Psalm 91:14-15).

God verseker ons dat Hy by ons sal wees in ons moeilikhede, baie naby. Jesus nooi ons om ons laste met Hom te deel: **"Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus kry vir julle gemoed. My juk is sag en my las is lig"** (Matteus 11:28-30).

*....verv. op.bls. 9*


## Echo of His Call Postal Courses for candidates in India only

### 1. BIBLECOR

**Bid asb. vir**

Ons bied Korrespondensiekursusse aan oor Basiese Waarhede van die Bybel vir nuwe Christene en nie-Christene in Engels – 57 bladsye, Hindi – 76 bladsye & Tamil – 96 bladsye. Jy kry 'n kursusboek met die titel **New Life – For You! Na voltooiing van hierdie kursus sal jy 'n sertifikaat ontvang. Daar sal geen verpligte gelde wees nie. Jy sal geseën word!**

### 2. THEOLOGICAL CORRESPONDENCE COURSE

Advanced Distance Education called **Theological Correspondence Course** is available in English – 537 pages and Tamil – 652 pages for Pastors, Evangelists, Christian Leaders and for lay people who have passion to do God's Ministry! A fee of Rs. 1000/- is charged. 7 Books with 149 Chapters are supplied. **Certificate in Ministry** will be awarded. **God will bless you!**

*For more details, write to us.*

**The Chairman, Nehemiah Bible College,**

Echo of His Call, **Post Box 2957**, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005.
**Ph.: (044) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell : 98410 71852, 95661 31858**
**E.mail : biblecor@yahoo.co.in**



## Ons bankbesonderhede in Suid-Afrika

U blymoedige gawes kan gestuur word aan Echo of His Call Ministries vanaf enige plek in Suid-Afrika. Dit kan inbetaal word in ons bankrekeninge soos hier onder verstrek. As u aan ons ook die besonderhede stuur van u debietorder/oorbetalings/oordrag, sal dit moontlik wees om aan u 'n kwitansie uit te reik.

### *Ons bankbesonderhede:*

**ABSA BANK : Echo of His Call Missions**
**BANKKODE: 334515**
**REKENINGNO: 905 129 1908**
**TAK: JEFFREYSBAAI**
**KONTAKPERSOON: Mev Elbe Smit**
**Tel: (042) 296 1337 Sel: 084 813 2554 / e-pos: miemie60h@gmail.com**

**SIS. ELBINA SMITH**
**Address : DR. A. D. KEET STREET, WAVECREST, JEFFREYS BAY 6330.**

**Meld asb. u naam en naam van u dorp/stad op die bankdepositostrokie wanneer u donasies deponeer**



# PUT TOT PALEIS

**(Lewenservarings van Pastoor S. Sam Selva Raj)**

**"Wie dit lees moet dit goed begryp" Matteus 24:15**

## 'N OU STORIE VAN 'N POTLOODMAT

**Gee leiding aan 'n jongmens oor hoe hy moet leef, en hy sal ook as hy al oud is nie daarvan afwyk nie (Spreuke 22:6).**

Nadat ek standerd 5 in 'n plaaslike Regering skool geslaag het, is ek toegelaat in 'n Hoërskool waar ek vir die eerste keer die Engelse alfabet geleer het. Die eerste skooldag het die onderwyser ons opgedra om die volgende dag 'n **potlood en notaboek** saam te bring. Toe ek tuis kom, het ek my ma hiervan vertel, want my pa was nie daar nie. Sy kon 'n notaboek bekom maar kon nie 'n potlood vir my koop nie. Sy wou ook nie hulp vra by die naburige familie nie, en het vir my verduidelik hoekom sy nie in hierdie behoefte kon voorsien nie en sê toe ek moet bid dat Jesus Christus vir my 'n potlood sal voorsien.

Gehoorsaam aan haar opdrag het ek die aand gekniel en gebid dat God vir my 'n potlood sal gee, en toe gaan slaap. Hy het eers die tweede oggend daarna vir my 'n potlood gegee. So het ek toe sonder 'n potlood skooltoe gegaan. Ek was die enigste student wat nie die opdrag van die onderwyser kon uitvoer nie, en die onderwyser was nie gelukkig daaroor nie. Sy sê toe ek moet nie die volgende dag skooltoe kom sonder 'n potlood nie.

Tuisgekom het ek vir my ma vertel van die onderwyser se ongelukkigheid. Sy het net geglimlag en gesê ek moet aanhou vir Jesus Christus vra vir die volgende dag en my verseker die potlood is op pad. So gemaak maar niks gesien gebeur nie. So moes ek toe weer skooltoe met leë hande. Toe die onderwyser daaroor vra het ek haar vertel dat ek gebid het daarvoor by die Here Jesus Christus soos my ma gesê het en dat die potlood op pad was. Die onderwyser was omgekrap en kwaad vir my en my ma se houding. Sy sê toe weer ek moenie die volgende dag sonder 'n potlood skooltoe kom nie.



Baie hartseer het ek hierdie nuus vir my ma vertel. Sy sê toe ek moet vir die Here Jesus bedank dat Hy na my **potloodgebed** geluister het. Ek het Hom begin dank tot middernag. Maar ek kon nie slaap nie en het net gedink aan die moeilikheid en straf as ek die volgende dag by die skool kom sonder 'n potlood.

Tot my verbasing hoor ons skielik middernag iemand klop aan die deur. My ma sê toe dit mag dalk diewe wees wat klop, wetend dat daar nie 'n senior manlike persoon in die huis is nie, en dat ek stil-stil onder die bed moet slaap.

Toe hoor ons iemand roep my ma se naam by die venster. Dit was niemand anders nie as my oom Mr. Selvamani, wat 'n Polisie-offisier was in 'n dorp Palayamkottai, sowat 70 kilometers van ons huis af. Ons het gou vir hom oopgemaak. Hy het vir my baie geskenke gebring, soos koekies, lekkers, klere, ens. soos hy gewoonlik gedoen het. Toe ek een spesifieke pakkie oopmaak was daar 'n boksie in. Toe ek dit angstig oopmaak kry ek dit vol baie duur potlode (Nataraj potlode was baie duur daardie tyd). Daar was 24 potlode in die boks.

Daardie nag het ek gespring en gesê dat God Jesus Christus nie net my gebede gehoor het nie, maar dit geantwoord het. Weens oorvloedige blydskap het ek die hele nag nie geslaap nie.

Die volgende oggend is ek bly skool toe met 'n boks met 24 duur potlode, terwyl ander studente elkeen net een potlood gebring het. Die onderwyser het my kwaai aangekyk en gevra wat aangaan. Ek het geantwoord dat die potlood wat gister op pad was nou my hande bereik het op 'n wonderlike manier. Sy het my op die rug geklop en vir die studente verklaar dat daar 'n Lewende God is Wie se Naam JESUS CHRISTUS is.

Liewe leser, dit het gebeur toe ek sewe jaar oud was, maar dit is steeds vars in my geheue. Dieselfde God wat vir my potlode gegee het, leef nog. **Hy is gister en vandag en vir ewig dieselfde** (Hebreërs 13:8). Ek hou van toe af 'n klein matjie in my kamer, my **Potloodmat. Elke oggend vroeg gaan ek na die Potloodmat en probeer ten minste drie keer per dag my node voor dieselfde God Jesus Christus bring. Tot dusver het ek van Hom verskeie minibusse, groot geboue ens. gekry deur hierdie Potloodmat. Ek het tot die gevolgtrekking gekom dat die HANDE WAT DIE BYBEL DRA EN DIE BENE WAT KNIEL OM TE BID, SAL NIE IN MISLUKKING EINDIG NIE.**

So, gedurende die afgelope 55 jaar van bediening het ek geen projekte vir fondsinsameling geloods of by iemand gaan geld vra of materiaal probeer kry vir ons multi-bedienings nie. Ek kry geld van my God wat my antwoord, by my POTLOODMAT, vir al my behoeftes.

**"Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee"** (Filippense 4:13).

*******

---

*verv. v. bls.7*

Hy is gereed en wag vir ons om ons laste, pyne, mislukkings en vrese by Hom neer te sit. Sal jy vandag na Hom toe kom dat Hy jou laste kan deel?

Soos Jesus ons laste dra en ons die ondersteuning van 'n gemeente-familie het wat vir ons bid, behoort ons ook te kyk waar ons 'n "Jonatan" in iemand se lewe kan wees.

## 1. BID VIR ANDER!

Gebed is 'n kragtige wapen. Ons kan vir mekaar bid. As jy iemand sien worstel met sonde, bid vir en saam met hom eerder as om te kritiseer. Loop saam met hulle. As jy ongelukkig is met iemand, begin ernstig bid vir hulle eerder as om by ander oor hulle te skinder.

## 2. LUISTER!

Soms het mense net iemand nodig om te luister. Hulle soek nie raad of oplossings vir hul probleme nie – net 'n omgee-oor. Luister sonder veroordeling. Dit kan 'n gesinslid wees, 'n vriend, of selfs iemand wat vir jou smart veroorsaak. Wees 'n goeie luisteraar wanneer mense nood daaraan het.

## 3. VOORSIEN IN BEHOEFTES!

Jakobus leer ons dat ons geloof met dade gewys moet word. Bid en luister is nie genoeg nie; ons moet praktiese maniere van hulpverlening kry. Dit gaan nie altyd oor geld nie – ons vaardighede, kundighede en kennis kan ook mense help en begelei.

## 4. TEGNOLOGIE!

Gebruik tegnologie vir 'n doel. Stuur 'n bemoedigende teks- of stemboodskap vir iemand wat dit moeilik het. Of 'n gebed of opbouende boodskap as jy nie self daar kan wees nie, want jou woorde sal 'n kragtige uitwerking hê. Deel 'n Bybelvers of eenvoudige boodskap wat bemoediging gee vir hulle wat sukkel.

## 5. SORG VIR DIE GEMEENTE!

Kweek die gewoonte om navraag te doen oor die welstand van jou gemeente. As jy iemand mis by 'n byeenkoms, bel hulle. Vra of jy vir hulle kan bid, of met iets kan help. Maak seker jou broers en susters weet hulle is deel van 'n gesin.

## 6. DIEN!

En laastens, wees beskikbaar om ander te dien soos jy kan, soos Jesus gedoen het. Daar is oneindige geleenthede, maar vind maniere om ander se laste te deel en leef so jou roeping as God se kind.

*******

RNITCNO.TNAFR/2007/21215, Postal Regn.No.TN/CH/(C)/127/22-24

## 'n Goeie geleentheid om Echo of His Call Maandelikse Tydskrif gratis te kry

As jy vir ons die adresse van jou vriende / familie stuur per pos of e-pos, Whatsap of bel, sal ons maandeliks vir hulle **Echo of His Call** gratis stuur.

## Bid asseblief

### ST. PAUL'S MATRICULATION SCHOOL

Die Engelse Christen-Hoërskool wat Echo of His Call bedryf vir arm en weeskinders. Ons het borge nodig vir 200 kinders @ R200 per kind. Ons vra borge. Jy kan jou donasies na ons bankrekeninge in Suid-Afrika stuur.

**Onderrig van Gehalte!**
**Geestelike opleiding!!**

**Van kleuteronderrig tot Gr.10**

Kontak:

**10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai – 600 005.**
Telefoon : (+91-44) 2852 8282
Sel : (+91) 98410 71852
E-pos : sam@echoofhiscall.org

# ECHO OF HIS CALL

**Maandblad in 16 tale, Bybelkolleges, Korrespondensiekursusse, Kerkplanting, Village English High School, Evangeliese Drukpers, Uitreike, Seminare, Maatskaplike Dienste, ens.**

**Jaarlikse intekengeld Rs. 100/-** **Lewenslange intekengeld Rs. 2000/-**

Die veelvuldige aktiwiteite van die **Echo of His Call Bedieninge** word ondersteun deur die vrywillige offers en donasies van God se kinders soos jy. Jy kan **Echo of His Call** en ons aktiwiteite ondersteun soos die Here jou lei. Ons het jou hulp nodig om die evangelie uit te stuur na die onbereikte mense en om kerke te plant.

As jy gereeld die **Echo of His Call** maandblad wil ontvang, skryf asseblief aan ons. As jy van posadres of e-posadres verander, stel ons asseblief in kennis van jou ou en nuwe adres.

**Echo of His Call** is ook in 16 tale beskikbaar op ons webtuistes. Jy kan dit lees of op die webwerf gaan en dit aflaai en geseën word.

Julle briewe, gebedsversoeke en finansiële hulp (**Geldwissels, Tjeks of Aftrekorders, EO's, PayPal (Sam Selva Raj,** sam@echoofhiscall.org**) Tel.9841071858, Gpay (98410 71858), Western Union, MoneyGram** aan **Echo of His Call** kan asseblief gestuur word na die onderstaande adresse.

Stuur asseblief jou **landlyn/selfoonnommer** en **e-posadresse** vir opdatering.

## ECHO OF HIS CALL

10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA
PH: (+91-44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell: (+91) 98410 71858, 98412 71858 / E.mails: sam@echoofhiscall.org / biblecor@yahoo.co.in
Websites: www.echoofhiscall.org / www.stpaulsmatriculation.com

**JY KAN JOU DONASIES OOK AANLYN STUUR**

**Regd. With the Registrar of Newspapers for India under No. TNAFR/2007/21215**
**Postal Regn.No. TN/CH/(C)/127/22-24**
**Date of Publication: First week of every month**
**Date of Posting : 3rd & 4th of every month**
**Posted at "Egmore RMS / 1 Patrika Channel"**
**on 4th NOVEMBER 2024**
**If un-delivered please return to:**
**ECHO OF HIS CALL**
**P.O. Box No. 2957, Chepauk, Chennai - 600 005, INDIA.**
**Phone: (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766**

## *JESUS HET JOU LIEF!*

To

*GOD SEËN JOU!*

Owned and published by **S. Sam Selva Raj** from New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005 and printed by **S. Sam Selva Raj** at **Echo of His Call Printers**, New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005. Editor: **S. Sam Selva Raj.**